

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Jy het versekering hoor ek iemand nou die dag kwytraak - net totdat dit moet uitbetaal.

Nee, was my onmiddellike reaksie. Jy het bloot nie die kontrak gelees en verstaan wat jy gekoop het nie.

Polisse betaal uit volgens kontrak. Nie volgens wat jy wens jy voor verseker was nie.

Ongelukkig huldig baie mense die negatiewe opvatting dat versekeraars skelm is.

Die waarheid is dat alles oor die kontrak gaan wat jy teken. Maar (en hier is die werklikheid) net soos wat jou beskerming in die kontrak lê, net so lê die diuwel daar. In dieselfde kontrak.

En dis die diuwel waarom ek vandag wil gesels.

Duisende koop polisse af

Die vereniging vir spaar en beleggings in Suid-Afrika (Asisa), het verlede week 'n verklaring aan die media gestuur waarin hy duidelik vertrou in die lewensversekeringsbedryf wou bevestig.

Goed gekapitaliseer, lees ek, en in 'n sterk posisie om hul kontraktuele beloftes aan poliseienaars en hul begunstigdes na te kom.

Dit is so. En ons kan bly wees dat dit so is. Lewensversekering speel 'n deurslaggewende rol in my en jou finansiële beplanning. Dit skep meer rykdom vir die volgende geslag skat ek as wat hulle self sou kon spaar.

Wat verkeerd is, is van die produkte wat aan oningeligte en liggelowige kliënte gesmous word.

Dis waar die probleem lê. Soos ek sê, in die kontrak. Dit wat die meeste mense nie lees nie.

Die nuusuitreiking verwys na miljarde se polisse wat uitbetaal het. En dit onderskryf die vertroue in die bedryf. Maar ek sien ook in 2022 is 689 888 herhalende en enkelpremie-spaarpolisse afgekoop voordat dit uitkeerderdatum bereik het.

Dit is minder as in 2021 (938 148), maar toe het mense gesukkel met die Covid-19-probleem. Verder is 8,4 miljoen herhalende-premie-polisse net laat vaar.



Polisbeleggings: Jy kan jousef arm spaar

Gewetenlose smouse kan oningeligtes maklik om die bos lei

Dit is risikopolisse, lewens- en ongeskiktheids- en gevreesde-siekte-polisse.

Dit klaarblyklik oor die finansiële druk waaronder mense verkeer in ons huidige ekonomiese toestand in die land en oor die wêreld heen.

Alles goed en waar.

Maar laat ek vra oor dit wat nie gesê word nie.

Koste vreet aan jou spaargeld

Hoeveel van hierdie kansellasies is die direkte gevolg van premies wat so gestyg het dat dit onbekostigbaar geraak het?

Hoeveel van hierdie kansellasies was om die geld elders te belê waar kommissies en administrasiekoste nie jou spaargeld vinniger vreet as inflasie nie?

Ons bedryf is 'n verkoopsbedryf.

Groot gewag word gemaak van "finan-

siële advies", maar dit is eintlik verkoopsadvies. Sels die definisie van "advies" in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (Wet 37 van 2002) is beperk tot 'n produk.

Dis waar die probleem begin.

Mense spaar omdat hulle vir hulself wil welvaart skep. Maar spaar jy in 'n lewensversekeringsprodukt, die sogenaamde uitkeerpolis, of spaarpolis, kan jy jousef arm spaar.

En as die rieme dan dunner gesny moet word, is dit maklik om maar te vat wat daar is om aan die lewe te bly.

En te verloor omdat jy nie weet wat jy onderteken het nie.

Kom ons sê jy spaar R5 000 per maand in 'n polis. 'n Termyn van vyf jaar is nodig vir so 'n polis.

Die normale kommissie betaalbaar vir

die makelaar of agent is 5% van die premie, bereken oor die termyn van die polis.

Dit is R6 522 nou en R125 per maand oor die termyn. Die R6 522 staan aange-teken as 'n skuld teen jou polis en boon-op vra die versekeraar jaarliks rente op hierdie skuld. En dit sluit nog nie vooruitberekende administrasiekoste in nie.

Maar nou word dieselfde polis geskryf oor 'n termyn van sê maar 15 jaar (en nie die vyf jaar wat nodig is om aan al die vereistes te voldoen nie), dan kry die smous (hy is dan nie meer 'n makelaar of raadgever in my oë nie) R15 037 aan kommissie nou en R125 per maand vir elke premie.

Met 'n uitree-annuïteit wat in 'n polis belê, werk dinge dieselfde, behalwe nou is die maksimum termyn 25 jaar. En die vooruitbetaalde kommissie is R19 792, plus die R125 per maand.

Jy begin spaar met skuld.

Net sodat iemand vet kommissie kan verdien, want dit is bloot nie nodig om so te spaar nie.

Jy het dieselfde voordele met byvoorbeeld 'n uitree-annuïteit teen baie, baie laer kommissie of tarief wat gevra word.

Die maksimum as jy direk in effeketrusts belê (dieselfde effeketrusts wat jy in die polis kan kies) is 3% en dit is per premie, nie vooruitbetaalbaar nie. Geen skuld dus nie.

Natuurlik is 3% self belaglik hoog. 'n Tarief van 1%, of minder, is aanvaarbaar.

En lewensdekking?

Premies styg omdat kliënte teken vir 'n stygende premie. En wanneer dit té duur is weens ouderdom of swak gesondheid om met die premie vol te hou, word dit gekanselleer.

Dit is soos enigiets wat jy goedkoop koop. Jy is net bly as jy dit koop. Sommer gou gaan jy spyt kry.

Die syfers wat Asisa aan ons voorhou lyk nie goed vir mense se spaar- en versekeringsbehoefes nie.

Maar dit is nie net die gevolg van 'n ekonomie wat druk nie. Dit is ook die gevolg van 'n verkoopsgedrewe finansiële-dienste-omgewing.

Kry verantwoordelike finansiële advies. Vermo die polissmouse en die be-markingsfoefies.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.